

Sending in die kerk: 'n Gevallestudie

Gegron op 'n landswyse ondersoek oor Sendingbelangstelling in die NG Kerk

J J Kritzinger

Abstract

Mission in the church: A case study

Based on an enquiry into mission interest in the NG Church

Although there can be no doubt that mission is the essential task to which God called the church into being, to be his witness in the world, the empirical church often shows very little awareness of this. This article relates some results of research done in the Dutch Reformed Church in the Republic of South Africa on the church members' interest in and involvement with mission. Some of the significant factors influencing the missionary interest of the members were (a) their personal spirituality and activities within the church, (b) their political leanings, and (c) the missionary preaching and enthusiasm of the ministers. A few aspects of the ministry are highlighted as worthy of attention.

1 Sending in die Kerk: Prinsipieel

My bedoeling is nie om hier 'n volledige teologiese uiteensetting te gee van die verhouding tussen sending en kerk nie. Dit is nogal 'n versoeking, want dit is ongelukkig dikwels so dat die kerklike lewe sy gang gaan sonder die minste blyke dat sending as 'n inherente en onmisbare deel van die lewe van die kerk beskou word. Netso bedryf mense dikwels die sending sonder om hulle veel aan die kerk te steur. Dit lyk nodig om steeds maar weer die "kerk" aan sy ware roeping te herinner, en die "sending" aan sy ware plek binne die liggaam.

In 'n neutedop sou ek die Skrifgegewens wou saamvat met gebruikmaking van die beeld van die kerk as liggaam van Christus. Die kerk as die versameling van gelowiges is die besielde (be-Gees-terde, Hand 2) liggaam van Christus, wat sy goddelike sending in die wêreld voortsit. Soos die Seun is die kerk deur die Vader die wêreld ingestuur (Joh 17:18, 20:21), en soos in die geval van die Seun, beskryf hierdie sending die essensiële roeping van die kerk. Die kerk het nie 'n ander identiteit as dié van Gods verteenwoordiger nie, en geen ander taak as om God te verheerlik deur getuie vir Christus in die wêreld te wees nie.

Hiermee is ek nie besig om 'n kettery te verkondig nie. Sedert die sestigerjare het die Ned Geref Kerk min of meer hierdie teologie ingeskryf gehad in sy Sendingreglement. Die jongste weergawe hiervan, soos dit deur die Algemene Sinode van 1990 gewysig is, lui soos volg:

Definisie

- 1.1 Sending is die heilshandeling van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees met die wêreld, waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente deur sy Woord en Gees vergader.

Deur dié gemeente

- laat God sy Woord aan die gevalle wêreld verkondig,
- bring Hy die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies tot stand, en
- laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer.

So laat Hy sy koninkryk kom tot by die voleinding van die wêreld.

1.2 Daarom aanvaar die Ned Geref Kerk dit as die sin en bestemming van sy bestaan om deur God gebruik te word in sy handeling met die mens en die wêreld.

Prakties gesproke beteken hierdie ekklesiologie ten minste die volgende: In die eerste plek beteken dit dat die sending nooit net tot 'n "afdeling" van die kerk se werk gereduseer mag word nie. Die Kommissie vir Sending- en Evangelisasie koördineer en gee vorm aan die gerigtheid van die kerk na buite. Alles wat in die gemeente gedoen word het, om die minste te sê, 'n missionêre dimensie, al het dit nie 'n missionêre intensie nie (Gensichen). Maar die oorkoepelende intensie, die uiteindelijke doelstelling, kan nie anders as missionêr wees nie.

In die tweede plek beteken bogenoemde verstaan van die kerk dat elke lidmaat in sy hele wese by God se sending betrokke is. Geeneen wat deur die Gees lewend gemaak en ingelyf is in die liggaam van Christus kan hom/haarself van die sending losmaak nie. Almal van ons word eenvoudig meegeneem in God se triomftog deur die wêreld. Nee, geen gelowige lidmaat kan afsydig staan nie. Wat wel kan gebeur, is dat 'n lidmaat - soos Jona van ouds - van sy/haar roeping wegvlug. Dit kan wees dat ons in die praktyk van ons lewenstyl 'n struikelblok instede van 'n getuigenis is, ons kan met ander woorde slegte sendelinge wees, maar nie nie-sendelinge nie.

Die normale situasie in die kerk is dus duidelik. Die hele kerk en elke lidmaat behoort spontaan, maar ook bewustelik, missionêr ingestel te wees en besig om Christus se sendingbedoeling voort te sit.

2 Sending in die Kerk: Die praktyk

Dit is vreemd-tragies dat die beeld van die kerk in die praktyk dikwels heel anders daar uitsien as die ideaal soos uiteengesit in die prinsipiële paragrawe hierbo. In die eerste plek is die kerk en sy gemeentes meestal nie op die sending ingestel nie. Daardie kerke en gemeentes wat deur hulle gesindheid en programme bewys dat hulle die sending as die sin van hulle bestaan beskou, is dun gesaai. In die praktyk word ook die gemeentes van die Ned Geref Kerk, ten spyte van sy mooi verklaring in die Sendingreglement, feitlik volledig in beslag geneem deur óf sy eie program van opbou, óf deur die ondersteuning van die kerk se sendingverpligtinge. Gemeentelike en sinodale sendingkommissies funksioneer meestal as een van 'n reeks kommissies, en hulle ding met die ander mee om 'n deel van die finansiële koek. Nie alleen is dit slegs 'n handjievol lidmate wat aktief betrokke is by die kerk se uitreiking na buite nie, maar daar is in elke gemeente hardnekkige sprake van lidmate wat "teen die sending" is. Hierbo het ons reeds geïmpliseer dat so iets eintlik in beginsel nie moontlik is nie, maar nogtans is dit 'n ongelukkige feit: christene (kerklidmate) wat hulle losmaak van die Kerk se ware roeping. Hoe groot

is hierdie gaping tussen die ideaal en die werklikheid regtig? Hoe staan dit met die sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk? Is dit so dat die Ned Geref Kerk en sy lidmate, ten spyte van wat die Kerk bely, eintlik geen erg het aan die Kerk se roeping ten opsigte van die wêreld nie?

3 'n Ondersoek

In verantwoordelike kringe word hierdie vrae van tyd tot tyd gevra. Die (destydse) Algemene Sinodale Sendingkommissie het die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) gevra om ondersoek in te stel. Is daar werklik 'n lae vlak van sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk? En, indien wel, wat kan die redes daarvoor wees? En, nog belangriker, wat kan daaraan gedoen word?

3.1 Die steekproef

Daar is besluit om die ondersoek deur middel van 'n vraelys te onderneem. 'n Wye spektrum lidmate moes in die steekproef opgeneem word ten einde 'n prentjie van die hele kerk te verkry. Vir hierdie doel is 'n ewekansige steekproef ontwerp wat lidmate uit al die sinodale gebiede ingesluit het¹.

3.2 Die hipoteses wat getoets is

Uitvoerige besprekings is gevoer ten einde duidelikheid te kry oor watter sake in die vraelys getoets moes word. Vier hipoteses is geformuleer.

Hipoteses 1: Die sendingbelangstelling en -meelewing van die Ned Geref Kerk lidmate is wel laag.

Aangesien daar nog geen vroeëre meting in die Ned Geref Kerk gedoen is nie, en ook geen vergelykende opname beskikbaar is oor die situasie in ander kerke nie, kon daar nie vir 'n tendens getoets of 'n vergelyking met ander Kerke gedoen word nie. Die beste wat ons kon doen, was om vrae in te sluit wat die respondente se indruk oor die sendingbelangstelling van hulle ouers sou vergelyk met hulle eie en dié van die jonger geslag. Dit het nogtans nie baie bevredigende resultate gelever nie.

Daar is wel 'n poging aangewend om direk oor die respondente se persoonlike sendingbelangstelling navraag te doen, en dit te vergelyk met hulle persepsie oor die algemene belangstelling in die Kerk.

Sou u self as 'n "sendingvriend" beskou? Het u al geloofskontak met 'n anderskleurige christen gehad? Voel u dat u leraar minder oor die sending moet preek? Gee u self geld vir die sending? Was u ouers "sendingmense"? Is u op 'n praktiese manier betrokke by sendingwerk? Wat is u leraar se gevoel oor sending? Hoe reageer u in u gemeente oor die algemeen op die sending? En self?

Uitgaande van die aanname van lae sendingbelangstelling, is drie verdere hipoteses geformuleer wat redes moes soek vir hierdie verskynsel. Drie terreine is geïdentifiseer waar die oorsake gesoek kon word.

Hipotese 2: 'n Gebrekkige geestelike lewe sal 'n deurslaggewende negatiewe effek op sendingbelangstelling hê.

Ons het goeie rede gehad om te verwag dat gebrekkige sendingbelangstelling by mense die gevolg kan wees van 'n lae geestelike standaard. Hoe toets 'n mens egter iemand se geestelike stand? Verspreid deur die vraelys was daar dus 'n reeks van vrae soos:

Is u 'n Christen? Wanneer laas was u in die kerk? Is u ingeskaal by 'n Bybelstudiekring? Het u al ooit met iemand 'n gesprek gevoer oor sy/haar verlossing? Is u op 'n praktiese manier betrokke by sendingwerk? Bid u by huisgodsdiens vir die sending?

Uit die antwoorde op hierdie soort vrae kon 'n bepaalde geestelike profiel opgebou word, en kon dit met sendingbelangstelling en -betrokkenheid gekorreleer word.

Hipotese 3: Mense se gebrek aan belangstelling in die sending is die gevolg van 'n gebrek aan kennis.

Daar is verwag dat mense hulle nie aan die sending steur nie onder andere omdat hulle niks van die sending weet nie. Om uit te vind in watter mate die lidmate ingelig is, en hoeveel begrip hulle van die sending toon, is 'n tweede reeks vrae opgestel, soos die volgende:

Lees u *Die Sendingblad*? Hoe dikwels preek u dominee oor die sending? Is sending die werk van die kerk in die nie-blanke gemeenskap? Was u ouers "sendingmense"? Was u al op 'n sendingstasie? Hoe dikwels kry u sendinginligting? En: probeer in een sin sê wat sending behels.

Hieruit kon hulle kennis en insig met hulle sendingbelangstelling gekorreleer word.

Hipotese 4: Bepaalde politieke instellings rondom kleur demp entoesiasme oor die sending.

Histories gesproke is sendingwerk steeds beskou as die geestelike werk onder gekleurdes. Sendelinge was daardie mense wat kerkwerk buite die blanke gemeenskap gedoen het. Reeds in die vorige eeu het die Engelse sendelinge hulleself by die Afrikaners in onguns gebring deur hulle optrede namens die gekleurdes. Hierdie soort sendelinge is die noordelike Republieke verbied, want hier het die stelreël van "geen gelykstelling tussen blank en nie-blank" in beide kerk en samelewing gegeld. Die Ned Geref Kerk het dus 'n bepaalde geskiedenis van betrokkenheid by die kleurpolitiek wat in die twintigste eeu uitgeloop het op sy ondersteuning van die beleid van "apartheid". Die gekleurdes moes afsonderlik ontwikkel. Die "sending", en die verhoudings met die Ned Geref "dogterskerke", het steeds die ou politieke spanning lewendig gehou. Die vraag was: hoeveel van hierdie politieke antagonisme teen die sending leef nog in die kerk, veral in hierdie dae toe kleur weer 'n groot strydpunt in die interne Afrikaner-politiek geword het? Die volgende groep vrae is gevolglik opgestel:

Hoe voel u oor anderskleurige besoekers in die erediens? Behoort die Ned Geref Kerk anderskleuriges as lidmate te aanvaar? Dink u die sending behoort

politiek te vermy? Dink u kerklidmate moet in die politiek anders optree as ander mense? Gee die Ned Geref Kerkleiers die regte leiding ten opsigte van sosio-politieke knelpunte? Hoe voel u oor die toekoms van die blankes in Suid-Afrika? Vir watter party het u in die 1989 verkiesing gestem?

Laasgenoemde vraag is ingesluit om te verhoed dat hierdie sake net in die lug bly hang, en daarom is die partypolitieke voorkeur ook pertinent gevra. Dit het moontlik gemaak dat die lidmaat se politieke instelling met sy ander houdings gekorreleer kon word. Verskeie respondente het nie van hierdie "politieke vraag" gehou nie, maar ook dít het reeds iets gesê.

3.3 Die respons op die vraelyste

Van die 2 240 vraelyste wat uitgestuur is, is 1 174 (52%) terug ontvang. Die reaksie het gewissel tussen die 93% vanaf Oos-Kaapland tot die 26% uit Oos-Transvaal². Alhoewel die respons 'n groot steekproef opgelewer het wat goeie afleidings moontlik maak, kan die feit dat soveel as 38 van die 112 gemeentes glad nie saamgewerk het nie moeilik anders geïnterpreteer word as dat die sendingsaak in daardie gemeentes 'n redelik lae prioriteit geniet. Ons moet wel die moontlikheid in ag neem dat allerlei ander faktore - soos administratiewe oorsig, of probleme met die posdiens, of 'n algemene weerstand teen vraelyste en navorsing - ook 'n rol kon gespeel het. Nogtans is dit betekenisvol as daar in 'n bepaalde sinodale gebied 6 uit 9 gemeentes (67%) glad nie reageer nie, of slegs 5 uit die 11 gemeentes (45%) wel enigsins reageer in 'n ander gebied. Sê dit iets van die algemene gees in die verskillende sinodale gebiede?

3.4 Die profiel van die respondente

'n Vergelyking van die profiel van die respondente met die algemene bevolking toon dat daarin geslaag is om 'n redelik verteenwoordigende steekproef saam te stel. Die steekproef het 'n goeie verspreiding van ouderdomsgroepe gehad; die geslagte was min of meer gelykop; daar was getroudes, ongetroudes, asook weduwees en wewenaars in die groep. Waarskynlik het van die leraars nie heeltemal die voorskrifte gevolg nie, sodat ietwat te veel (33%) ouderlinge en diakens in die steekproef opgeneem is, hoewel dit goed was vir ons doel. Die oorgrote meerderheid van die respondente het "witboordjie-beroepe" beoefen, iets wat tot 'n groot mate waar is van die Ned Geref Kerk as geheel. 42% was stadsmense, 41% het op dorpe of kleinhoeves gewoon, en 16% op plase. Ons het gevind dat al die soorte gemeentes goed verteenwoordig was, met miskien 'n ondervteenwoordiging van stedelike makrogemeentes, en dalk 'n effense oorvertreenwoordiging van die platteland.

Dit is ook goed moontlik dat dit veral die meer goedgesinde lidmate was wat die moeite gedoen het om die vraelyste in te vul en dat die ander van meet af aan hulle aan die ondersoek geërg het. So is dit moontlik dat die opname 'n rooskleuriger beeld vertoon. Ons het egter reeds gesê dat die absolute maatstaf van sendingbelangstelling nie so meetbaar is nie en minder belangrik is as die korrelasies wat ons ondersoek. Daarom gaan ons in die volgende konsentreer op die faktore wat sendingbelangstelling beïnvloed.

4 Die belangrikste resultate

In hierdie afdeling word by wyse van 'n aantal pertinente stellings gevolgtrekkings gemaak, en sover nodig met enkele resultate gesubstansieer. Die stellings word eweneens gegroepeer rondom die reeds genoemde drie groepe hipoteses, naamlik geestelike meelewing, kennis en begrip oor sending, en politieke voorkeure.

4.1 Sendingbelangstelling en christenskap

- * Ten opsigte van sendingbelangstelling maak dit 'n groot verskil as iemand lank reeds 'n oortuigde christen is.

Die positiewe korrelasie tussen oortuigde christenskap en sendingbelangstelling en -betrokkenheid was duidelik. Die opname het bevestig dat persoonlike geloofsekerheid 'n absolute vereiste vir belangstelling in en deelname aan sending is.

Teenoor 72% van diegene wat hulleself met sekerheid christene noem en hulleself as "sendingvriende" beskryf, beskryf slegs 23% van die ander hulleself so. Meer as 50% van dié wat lankal of onlangs christene geword het (die oorgrote meerderheid) voel entoesiasies oor sending, maar 60% van dié wat onseker is oor wanneer hulle christene geword het, voel neutraal.

'n Verdere belangrike resultaat is die duidelike aanduiding dat die christene aansienlik meer hoop vir die toekoms openbaar: 51% voel positief, terwyl 55% van die "twyfelaars" pessimisties of onseker voel.

- * Ten opsigte van sendingbelangstelling en deelname is daar 'n besliste verskil tussen die mees getroue kerkgangers en die minder getroues.

Sendingbelangstelling gaan gepaard met getroue kerkgang: 77% van die mees gereelde kerkgangers is "sendingvriende" (slegs 9% is nie positief nie), terwyl 39% van die swakker kerkgangers teen sending gekant is. Kerkgang kan aangewend word as 'n aanduiding van geestelike toegewydheid. Dus: hoe groter die toewyding, hoe groter die kans op sendingbetrokkenheid.

Dit is seker nie vreemd dat diegene wat seker van geloof is, geneig is om gereeld kerk toe te gaan nie. Netso is daar 'n duidelike positiewe korrelasie tussen kerkbywoning en inskakeling by Bybelstudiegroepe. Meer as die helfte van die persone wat "verlede Sondagand" (ook) in die kerk was, is by Bybelstudiegroepe ingeskakel, terwyl so min as 14% van dié wat "'n paar weke gelede" laas in die kerk was by Bybelstudie betrokke is. Daar is ook 'n positiewe korrelasie tussen getroue kerkgang en die waarneem van huisgodsdiens.

- * Daar is 'n verskil tussen hulle wat by Bybelstudie ingeskakel is en die ander.

Waar 83% van die deelnemers aan Bybelstudie hulleself as sendingvriende beskou, was dit die geval met net 58% van die nie-deelnemers. Aan die ander kant, 21% van nie-deelnemers was beslis dat hulle nie sendingvriende is nie, teenoor 6% by die Bybelstudiemense.

Betekenisvol meer deelnemers aan Bybelstudie het al geestelike gesprekke, selfs oor die kleurgrens heen, met ander gevoer. Hulle gee meer gereedelik geld vir

die sending (82% teenoor 74%), en bid by huisgodsdienste vir die sending (82%, teenoor die 63% van die ander). Trouens, slegs 7% van hulle hou nie huisgodsdienste nie teenoor die 12% van die ander. Feitlik twee keer so veel (39% teenoor 20%) is prakties betrokke by sending. Hulle voel dan ook oor die algemeen heelwat meer positief oor sendingwerk (64% teenoor 39%).

Dit lyk beslis betekenisvol dat die inskakeling by Bybelstudie saamgaan met nie alleen 'n groter betrokkenheid by die gemeentelike lewe nie, maar ook 'n meer positiewe gesindheid tot die sending. Dit dui op dieselfde soort gevolgtrekking as by kerkgang.

74% van die deelnemers aan Bybelstudie voel positief oor gekleurde besoekers by hulle eredienste, teenoor die 58% van die nie-Bybel-studiegangers. 44% van hulle sou hulle bediende wou saamneem kerk toe (31% van die ander). Hulle is ook meer positief oor swart lidmate in die Ned Geref Kerk (57% teenoor 48%). Hulle is minder van opinie dat sending net met nie-blankes te doene het (46% teenoor 52%). Tog is hulle net marginaal meer positief oor één Ned Geref Kerk (41% teenoor 36%). Hulle voel saam met die meeste dat die sending politiek moet vermy, maar is wel van mening dat kerklidmate politieke anders moet optree as ander (68% teenoor 53%). Dit is verblydend dat die mense wat betrokke is by Bybelstudie meer positief oor hulle toekoms voel (57%) as die ander (44%).

Dit lyk met ander woorde asof hierdie mense in hulle sendingbelangstelling nie so baie beïnvloed word deur kwasi-politieke aangeleenthede nie. Is dit dalk die omgang met die Bybel wat 'n ruimer perspektief bring? Of is dit oor die algemeen net meer toegewyde mense?

* Dit maak verskil as iemand prakties betrokke is by geestelike werk

74% van die respondente wat al "met iemand" 'n gesprek gevoer (het) oor sy of haar "verlossing", het hulleself as "sendingvriende" beskou, teenoor slegs 48% van die ander.

Dit het geblyk dat hulle ook meer positief is oor gekleurde besoekers by eredienste (68% teenoor 49%). 76% van hulle bid vir die sending tydens huisgodsdienste teenoor die 52% van die ander. Hulle het in 'n groter mate reeds in 'n ander kerk aanbid, voel meer positief oor één Ned Geref Kerk (40% teenoor 29%) en sou meer gereedelik hulle bediendes wou saamneem kerk toe (41% teenoor 21%). Hulle is in 'n baie groter mate prakties by sending betrokke (32% teenoor 12%).

'n Ander vraag het verneem of die persoon "al geloofskontak met anderskleurige christene gehad het". 69% van die respondente het hierop 'n positiewe antwoord gegee. 78% van hierdie mense (wat al sodanige kontak gehad het) noem hulleself "sendingvriende", teenoor die 48% van die ander.

Hulle is in 'n baie groter mate prakties by sending betrokke as dié wat nog nie die voorreg van hierdie geloofskontak gehad het nie (36% teenoor 10%). Dit verbaas dan ook nie dat hulle meer positief teenoor nie-blanke besoekers by die eredienste voel nie (71% teenoor 49%), graag wil hê dat lidmate uit ander bevolkingsgroepe aan die Ned Geref Kerk moet behoort (56% wil swart-, 63% Kleurling-, 57% Indiër- en 71% Portugese lidmate hê), en selfs meer oop is oor één Ned Geref Kerk vir almal (41% teenoor 31%).

Van die respondente het 28% beweer dat hulle prakties by sendingwerk betrokke is. Soos verwag sou kon word, noem 90% van hulle hulleself "sending-

vriende", teenoor 60% van die nie-aktiewes.

Omdat hierdie sendingbetrokkenheid meestal kruiskulturele kontak behels, het dit skynbaar die onmiddellike gevolg dat hulle minder bang is om in 'n swart woonbuurt te werk as die ander (40% is nie bang nie, teenoor 25% by die ander). Hulle dink veel minder dat sendingwerk die verantwoordelikheid van die sendelinge is (13% teenoor 30%), en voel sterk dat dit die lidmate se plig is (73% teenoor 48%). Interessant genoeg is dit hulle wat ook meer positiewe reaksie uit die gemeente ervaar (26% teenoor 17%). Self voel hulle natuurlik baie meer positief (77%) as die ander (39%).

Alles dui daarop dat as lidmate eers prakties betrokke is by 'n getuienisaksie hulle ook oor 'n wye spektrum 'n gesindheidsverandering ondergaan. Dalk is dit andersom, maar die gevolgtrekking is duidelik: daar is 'n baie duidelike ooreenstemming tussen die geestelik aktiewe persoon en die sendingvriend.

- **Huisgodsdien maak 'n verskil**

71% van die respondente het verklaar dat hulle soms by huisgodsdien vir die sending bid. (19% doen dit nie, en 10% erken dat hulle nie huisgodsdien hou nie). 79% van die voorbidders is "sendingvriende", en slegs 39% van die ander.

41% van eersgenoemde wil bediendes saamneem kerk toe, teenoor die 25% van die res. Hulle is ook in 'n groter mate prakties by sending betrokke (34% teenoor 14%). 63% van hulle beskou lidmate as die primêre sendelinge (teenoor 38% van die ander). Hulle voel self baie meer positief oor sending (59%) as die ander (30%).

Ook hier lyk dit asof ons hipotese stand hou: daar is 'n positiewe korrelasie tussen die geestelike stand van die lidmaat (soos dit gemeet word aan die waarneming van huisgodsdien) en belangstelling en betrokkenheid by die sending.

Daarbenewens is nog bevind dat waar 55% van die voorbidders positief voel oor die toekoms van die blanke in Suid-Afrika, is dit slegs 35% van die ander wat so voel. Daar is ook in hierdie opsig krag in die gebed.

4.2 Die invloed van sendinginligting

- **Dit maak beslis 'n verskil as daar gereeld oor die sending gepreek word**

26% van die respondente het verklaar dat hulle dominee "gereeld" oor die sending preek, 72% hoor "soms" sendingpreke, en 2% "nooit". Dat gereelde sendingprediking 'n merkwaardige verskil maak, kan uit die volgende resultate afgelei word: 76% van die lidmate in gemeentes waar die predikant gereeld oor die sending preek, beskou hulleself as "sendingvriende" in vergelyking met die 36% waar die predikant nooit oor die sending preek nie. Aan die ander kant: 41% van die lidmate in gemeentes waar die predikant nooit oor sending preek nie, is teen die sending, in vergelyking met die 10% in eersgenoemde gemeentes. Gereelde sendingprediking bevorder beslis ook geloofskontak oor die grense heen, en laat die mense beseft dat elkeen 'n verantwoordelikheid het.

75% van die respondente in die gemeentes waar gereeld oor sending gepreek word, het reeds geloofskontak oor grense, teenoor 52% in ander gemeentes. Waar slegs 8% in die eerste geval van mening is dat sending eintlik net die taak van

besonder geroepenes is (59% meen dit is primêr die lidmate se taak), dink 39% in die ander geval dat dit eintlik sendinginge se werk is. Dit is opvallend hoeveel meer onseker en oningelig daardie lidmate is waar die leraars nie gereeld oor die sending preek nie.

Gereelde sendingprediking bevorder ook die praktiese betrokkenheid van die lidmate by sending (38% teenoor 22%), asook die gee van bydraes vir sending: 84% van die gemotiveerde respondente gee, terwyl 52% waar daar nooit oor die sending gepreek word nie ook nie vir die sending gee nie. Voorbidding word ook gestimuleer: 83% teenoor 57% bid soms vir die sending tydens huisgodsdiens.

Aan die ander kant het gereelde sendingprediking nie duidelike effek op die politieke en kleurgevoelens van die lidmate nie: nóg die gevoel oor gekleurde besoekers, nóg die behoefte om bediendes saam te neem, nóg die behoefte aan één kerk is merkbaar positief beïnvloed. Hierdie houdings word klaarblyklik meer deur die boodskappe uit die sosiale en politieke omgewing (konteks) beïnvloed as deur die prediking.

Daar is uiteraard 'n hoë korrelasie tussen die prediking en die persepsie wat die lidmate oor die predikant se entoesiasme oor die sending het. Maar dit beïnvloed tog die gemeente se reaksie: waar nooit oor die sending gepreek word nie, voel 71% dat die gemeente neutraal staan teenoor die sending, terwyl slegs 55% meen dat die gemeente onaangeraak is in daardie gemeentes waar die predikant sy plig versuim. Dieselfde geld die gevoel van die respondent self: 61% word tot entoesiasme aangespoor deur die leraar se gereelde prediking, terwyl daar waar nooit oor die sending gepreek word nie, slegs 30% entoesiasies is.

Ten slotte: dit is duidelik dat die sendingprediking klaarblyklik wel verskil maak aan die mense se hoop op die toekoms. Heelwat meer mense voel positief, en is selfs meer gewillig om die kerklike leiding te volg in kontroversiële sosio-politieke sake.

* Die lees van *Die Sendingblad* verander nie juis die mense se menings nie.

Slegs 34% van die steekproef lees *Die Sendingblad*. Toon hierdie mense 'n meer positiewe profiel ten opsigte van die sending as die nie-lesers?

Wat wel gevind is, is dat 85% van die lesers hulleself "sendingvriende" noem, teenoor die 60% van nie-lesers. Dit is verder betekenisvol dat 65% van hulle entoesiasies is oor die sending, terwyl die nie-lesers vir 60% neutraal staan. Hulle het al in 'n groter mate op sendingstasies besoek afgelê, en 44% van *Die Sendingblad*-lesers is prakties by sendingwerk betrokke, teenoor die 20% van nie-lesers.

Die feit dat hierdie mense egter tot 'n veel groter mate uit sendinggesinde huise stam, laat mens wonder of hierdie positiewe korrelasies nie eintlik dâáruit verklaar moet word nie. Die feit dat mense *Die Sendingblad* lees, beteken reeds 'n vroeër belangstelling in die sending, en nie andersom nie.

Die verwagtings oor die invloed van die blad word verder versoer deur die ontdekking dat 54% van die lesers wel nog van opinie is dat sending kerkwerk in die nie-blanke gemeenskap is. Soos die nie-lesers glo hulle wel nie dat sending slegs onder nie-blankes gedoen word nie, en ook nie dat dit eintlik die verantwoordelikheid van spesiaal geroepenes is nie. Hulle glo, soos die ander, dat politiek vermy moet word, dat sending primêr die verkondiging van die evangelie behels aan hulle

wat dit nog nie gehoor het nie, dat die Bybel die sending beveel, en dat die totstandkoming van dogterkerke nie die einde van sending beteken nie. Verder neem hulle amper sterker as nie-lesers standpunt in téén één Ned Geref Kerk vir al die bevolkingsgroepe. Wel voel hulle veel meer positief oor die toekoms van die blanke in Suid-Afrika (56% teenoor die 45%), en stem meer geredelik saam met die geestelike (77% teenoor 73%) sowel as die sosio-politieke leiding van die Ned Geref Kerkleiers (46% teenoor 37%).

- Dié wat reeds 'n besoek aan 'n sendingstasie afgelê het, toon 'n meer positiewe houding

Een uit elke vier van die respondente was al op 'n sendingstasie. (Ten minste een respondent het bygevoeg: "tot my spyt!") Is daar aanduidings dat hierdie ervaring 'n merkbare invloed op 'n persoon se persepsies het?

Hierdie mense is in 'n groter mate prakties betrokke by sendingwerk (42% teenoor 23%), is (gevolglik) minder bang vir die situasie in 'n swart woonbuurt (37% teenoor 26%), voel aansienlik meer positief oor die sending (62% teenoor 45%), en voel ook meer positief oor die toekoms (60% teenoor 46%). Mens wil graag aanvaar dat die besoek (indien dit 'n behoorlike besoek was) te doene gehad het met hierdie meer positiewe houdings.

4.3 Die invloed van politiek en kleursake op sendingbelangstelling

- Hoe meer 'n persoon teen "politiek in die kerk" gekant is, hoe minder is hy/sy entoesiasies oor die sending.

Daar is 'n baie algemene aversie onder die lidmate teen die vermenging van politiek en sending - 93% het saamgestem met die stelling "Sending behoort politiek te vermy". In die volksmond word daar ongelukkig gewoonlik nie voldoende onderskei tussen "politiek" en "partypolitiek" nie. Dit kon hier ook die geval wees. Oor 'n ander vraag was die reaksie meer genuanseerd: "Dink u die kerk moet minder aandag gee aan politieke en sosiale sake?". 59% van die respondente het wel so gemeen, terwyl 30% tog ruimte vir sodanige betrokkenheid gegee het. 11% het getwyfel.

Hierdie verskillende kategorieë het in die meeste sake nie noemenswaardig van mekaar verskil nie. Maar dié met meer simpatie vir sosio-politieke betrokkenheid het egter meer positief oor die sending gevoel (57% teenoor 46%), en het minder "demokraties" oor die kerk gedink - 65% meen nie dat die kerk moet doen wat die mense wil hê nie (teenoor die 51% van die ander). 'n Ander algemene tendens kom ook weer hier na vore, naamlik dat die mense wat erken dat die kerk iets oor die politiek te sê het meer gelukkig voel met die kerkleiers se sosio-politieke leiding in knelsake (56%) as hulle wat wil hê die kerk uit die politiek moet bly (32%).

- Daar is 'n sterk korrelasie tussen sendingbelangstelling en simpatie vir 'n "oper" kerk

Daar was veral drie vrae wat getoets het in watter mate die respondente die Ned Geref Kerk as "geslote" vir gekleurdes beskou het. Die eerste was oor gekleurde besoekers, die tweede oor gekleurde lidmate, en die derde oor één oop kerk. Hoe verskil die sendingbelangstelling en -betrokkenheid van die "oop" mense en die "toe" mense?

65% van die steekproef het positief gevoel oor gekleurde besoekers by hulle eredienste. Hierdie mense het in belangrike opsigte 'n heel ander profiel vertoon as die mense wat hulle geërg het aan gekleurde besoekers. 78% van hulle noem hulleself "sendingvriende", teenoor die 52% van die ander. Baie meer van hulle (76% teenoor 55%) het al geloofskontak met anderskleuriges gehad, en hulle bid meer gereidelik vir die sending. So kan ons aanhou.

Alhoewel hulle nie juis beter kerkgangers was nie, is heelwat meer van hulle (47%) ingeskakel by Bybelstudiegroepe as die ander (30%). Een van die redes vir hulle ander gevoel kan wees hulle groter persoonlike betrokkenheid. Wat wel waar is, is dat hulle nie so bang is vir die kerk se politieke betrokkenheid nie. Trouens, waar 63% van hulle positief voel oor die toekoms van blankes in Suid-Afrika, deel net 25% van die "toe" mense hulle optimisme. Tog voel hulle feitlik net so sterk dat politiek in die sending vermy moet word (92%), maar (soos verwag sou kon word) voel hulle oorweldigend positief oor die toelating van gekleurde lidmate in die Ned Geref Kerk, en voel (55% teenoor 8%) vir één Ned Geref Kerk.

In verband met die tweede van hierdie vrae het 52% van die respondente wel gevoel dat die Ned Geref Kerk swart lidmate moet aanvaar, terwyl 36% afwysend was, en 13% onseker. Die indruk word verkry dat dit in 'n groot mate dieselfde groep mense was (hoewel in afgaande frekwensie) wat positief was oor gekleurde besoekers en lidmate. Dink hierdie groep ook oor ander sake in verband met die sending anders? Waar 61% van hierdie mense entoesiasies oor die sending voel, kan slegs 35% van die ander so sê.

Ons kry dus dieselfde soort kontras tussen die twee groepe: die "oper" mense is by Bybelstudie betrokke, baie meer van hulle noem hulleself sendingvriende, en hulle het in elk geval groter kontak oor kleur- en kerkgrense heen. 61% van hulle sou byvoorbeeld hulle bediende wou saamneem kerk toe, terwyl 83% van die ander beslis daarteen gekant is.

Hulle dink ook heelwat anders oor die politiek. 66% van hulle voel positief oor die toekoms van die blankes, 'n gevoel wat slegs deur 31% van die ander gedeel word. Waar een uit elke twee (52%) van hierdie mense van mening was dat die kerk minder aandag aan politieke en sosiale sake moet gee, het meer as twee uit elke drie (69%) van hulle wat nie swart lidmate wil hê nie, gevoel dat die kerk politiek moet vermy. Die ironie is dat hierdie mense met ander woorde impliseer dat hulle standpunt teen swart lidmate nie politiek is nie. Meer van die "oop" groep (65% teenoor 53%) meen dat kerklidmate politiek anders moet optree as nie-christene, en meer van hulle (49% teenoor 29%) is bereid om die kerkleiers se politieke leiding te aanvaar.

Slegs 38% van die steekproef het aangedui dat hulle aanvaar dat daar één Ned Geref Kerk vir al die bevolkingsgroepe moet wees, met ander woorde nie eers al daardie wat bereid was om gekleurde lidmate te aanvaar nie. Op hierdie punt is die kontras dus groot. 77% van die "ja's" is sendingvriende, teenoor die 63% van die "nee's".

Alhoewel die meerderheid van hierdie 38% ook meen dat die kerk minder aandag aan politiek moet gee, is dit opvallend dat dit daardie mense is wat sterk teen één kerk voel wat ook die sterkste teen politiek in die kerk gekant is (66% teenoor 52%). Dié wat ten gunste is van 'n oop kerk is ietwat meer prakties betrokke by sending (30% teenoor 26%), nie bang om in 'n swart woonbuurt sendingwerk te doen nie (36% teenoor 26%), meen dat die christen se politieke optrede anders moet wees (65% teenoor 58%), en volg ook meer geredelik die sosio-politieke leiding van die kerk (46% teenoor 34%). Hulle voel dan ook positief oor die toekoms.

- * Sendingbelangstelling hou beslis verband met partypolitieke voorkeure

Aangesien daar telkens hierbo aanduidings na vore gekom het dat daar dalk 'n verband tussen die sendingbelangstelling van 'n lidmaat en sy party politieke affiniteite mag wees, is hierdie saak ook eksplisiet ondersoek. Dit het geblyk dat daar wel deeglik sulke verbande is.

Om 'n kontrovers te vermy, gaan ons die politieke partye hier nie by die naam noem nie, want die partypolitiek bly hoogs emosioneel. Dit het egter duidelik geword dat sommige mense se (party) politieke gevoelens die deurslag gee, ook wat betref hulle gevoelens oor die sending. Dit het skynbaar 'n groter invloed op hulle denke as die Bybel, want ten spyte van die feit dat hulle almal erken dat sending 'n Bybelse opdrag is, het soveel as 22% van die respondente wat 'n bepaalde politieke oortuiging ondersteun het, verklaar dat hulle "teen die sending" is. Hulle politieke oortuigings oefen klaarblyklik 'n groter invloed op hulle uit as die leiding van die kerk deur sy prediking en besluite. Die politiek, en by name die kleurpolitiek, het beslis 'n groot invloed op die lidmate se sendingbelangstelling.

5 Gevolgtrekkings

5.1 Hoedanig is sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk?

Ons kan tot geen ander gevolgtrekking kom as dat die sendingbelangstelling maar laag is nie. Daar is wel nie 'n vergelykende maatstaf om dit aan te meet nie, maar daar is wel die absolute maatstaf van die Skrif wat ons aan die begin uitgespel het. Mense wat erken dat hulle nie entoesiasies oor sending is nie, bring mee dat die kerk nie op standaard is nie, maar meer nog: dit bring hulle eie christenskap in die gedrang.

Ons kan ook nie help om die gevoel te hê nie dat die sendingbelangstelling in werklikheid selfs nog laer is as die persentasies wat uit hierdie opname na vore gekom het. As dit waar is dat feitlik almal aanvaar dat sending 'n Bybelse opdrag is, sal die respondente geneig wees om hulle sendinggevoel meer rooskleurig voor te hou as wat dit in werklikheid is. Indien dit wel gebeur het, baar die situasie nog meer kommer.

5.2 Watter faktore beïnvloed sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk?

Ons het aan die begin gemeld dat ons drie hipoteses wou toets. Ons het verwag dat (a) die geestelike stand van die lidmate, (b) die ingeligtheid van die lidmate, en (c)

die politieke standpunte van die lidmate hulle houding oor die sending sou beïnvloed.

Daar is nie voldoende getuienis dat sendinginligting as sodanig mense tot ander insigte bring nie. Inligting oor en begrip van die sending is sekerlik belangrik, en dit beteken baie vir sendingmense, maar dit speel waarskynlik nie so 'n sterk motiverende rol nie. Belangstelling in die sending, en 'n gebruikmaking van inligtingsbronne is waarskynlik eerder die gevolg van 'n vorige oortuiging as dat dit die oorsaak van die sendingbelangstelling is.

Min twyfel kan egter daaroor bestaan dat 'n oortuigde christelike getuienis die grondliggende faktor is wat iemand in 'n "sendingvriend" verander. Hoe meer 'n gelowige deelneem aan geestelike aktiwiteite hoe groter word die oortuiging en deelname aan sending. Die gevolgtrekking kan nie ontkom word nie dat die sendingbetrokkenheid eintlik dié belangrikste maatstaf is van geestelike lewe in die gemeente.

Netso onrusbarend was die duidelike verbande wat tussen swak sendingbelangstelling en sekere politieke benaderings gevind is. Daar is 'n bepaalde mentaliteit by lidmate - wat sterk ooreenkomste met sekere politieke denkrigtings toon - wat in 'n hoë mate korreleer met 'n weerstand teen die sending. Dit gaan gepaard met 'n sekere onwilligheid om mense te aanvaar en oop vir ander te wees.

5.3 Wat kan gedoen word om sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk te verhoog?

'n Aantal aspekte van die bediening in die gemeente het sterk na vore gekom as terreine wat goeie gevolge kan hê. Nie een daarvan is werklik nuut nie, en geen van hierdie gevolgtrekkings kan waarskynlik as verrassings bestempel word nie, maar dit mag lonend wees om tog weer daarop klem te lê.

Die eerste oplossing is gereelde sendingprediking. Daar was werklik 'n opvallende verskil tussen die reaksies van die lidmate komende uit gemeentes waar "gereeld" oor die sending gepreek word, en die ander waar dit net af en toe, of selfs nooit gebeur nie. Hierdie gereelde sendingprediking is natuurlik 'n refleksie van die oortuigings en entoesiasme van die predikant. Eintlik is daarmee weer eens bewys dat dit die voorbeeld is wat wek, meer as die woorde wat trek.

Die geestelike bedrywighede in die gemeente is ook van die grootste belang. Geloofsekerheid lei gewoonlik tot meer gereelde kerkgang; dit lei dikwels ook tot inskakeling in Bybelstudie kringe; en sulke mense is veel meer sendinggemotiveerd en -betrokke. Werklike gemeentebou gaan gepaard met sendingbelangstelling! Dit is goed om te weet dat hierdie korrelasie baie duidelik is.

Dit is wanneer gebou word op sodanige fondamente dat kontak en betrokkenheid by uitreikaksies sy rol speel, en nie anders om nie. Daar is nie afdoende bewys dat dit die kontak met anderskleuriges as sodanig is wat 'n sendingywer opwek nie, al is daar 'n positiewe korrelasie. Wat wel duidelik blyk, is dat waar hierdie kontak nie plaasvind nie, dit gepaard gaan met 'n swakker sendingbelangstelling. Baie moeite moet gedoen word om 'n meer evangeliese gesindheid van openheid teenoor ander mense by die lidmate aan te kweek. Die sensitiewe behandeling van die sake wat in *Kerk en Samelewing* uitgespel word, kan 'n groot bydrae lewer om hierdie openheid te bewerk.

Die Ned Geref Kerk het 'n besonder Bybels verantwoorde teologie van die sending soos wat dit in die eerste paragrawe van die Sendingreglement neerslag gevind het. Die Ned Geref Kerk kan ook met dankbaarheid terugkyk op 'n geskiedenis van geseënde sendingwerk. Die daaglikse praktyk van die lidmate en gemeentes vertoon tans egter 'n minder bemoedigende prentjie.

NOTAS

- 1 Uit die nagenoeg 2 000 gemeente-leraars van die 9 sinodale gebiede binne die RSA, is 102 (5%) op 'n ewekansige wyse uitgekies. 'n Leraar is uit die eerste 20 van die oudste sinode (Wes-Kaapland) gekies (volgens die Jaarboek 1990 se alfabetiese lys van gemeentes), en daarna elke 20ste leraar tot aan die einde van die sinode van Oos-Transvaal (die jongste). Op hierdie manier is al die sinodale gebiede proporsioneel soos volg verteenwoordig:

Sinode	Gemeentes	Sinode	Gemeentes
Wes-Kaapland	22	Wes-Transvaal	11
Oos-Kaapland	8	Noord-Transvaal	16
Noord-Kaapland	6	Suid-Transvaal	12
Natal	<u>4</u>	Oos-Transvaal	<u>9</u>
	54		48

Hierby is gevoeg die 10 gemeentes van die ring van Delmas, wat ook meegewerk het aan die ondersoek.

Elkeen van hierdie leraars moes nou in hulle deel van die gemeente 20 lidmate ewekansig uitkies en hulle elk 'n vraelys laat voltooi. Dit is duidelik aan hulle gestel om nie die vraelyste by die kerk aan belangstellendes uit te deel, of op 'n ry af in 'n wyk, of op 'n ander nie-sistematiese wyse nie. 'n Aantal metodes is voorgestel om te verseker dat die verskillende geslagte, ouderdomme, professies, sowel as grade van inskakeling gelyke kanse sou hê om in die steekproef opgeneem te word.

Op hierdie manier is 2 240 vraelyste ewekansig in 112 gemeentes van die 9 sinodale gebiede versprei. Die betrokke leraars is ook versoek om persoonlik toe te sien dat die vorms anoniem ingevul en aan my teruggestuur word. Die hele proses is via die algemene sinodale kantoor deur die betrokke sendingkantore gesteun en geadministreer.

- 2 Die volgende gegewens oor die reaksie op die opname is in die volgende tabel saamgevat:

Vraelyste versprei en terug ontvang

Gebied	Verspreiding		Gem	Reaksie	
	Gem	Vorms		Vorms	Pers
Ring van Delmas	10	200	10	152	76
Wes-Kaapland	22	440	16	248	56
Oos-Kaapland	8	160	8	148	93
Noord-Kaapland	6	120	6	96	80
Natal	4	80	3	53	66
Oranje-Vrystaat	14	280	7	128	46
Wes-Transvaal	11	220	5	74	34
Noord-Transvaal	16	320	8	97	30
Suid-Transvaal	12	240	8	131	55
Oos-Transvaal	9	180	3	47	26
TOTAAL	112	2 240	74	1 174	52